

Amper 'n maand gelede, op 18 November, was die tema van die boodskap: "Bou jy of breek jy?" Uit Filippense 1 het die Here ons geroep om bouers en deel van Sy oplossing te wees. Wat beteken dit om deel van Sy oplossing te wees?

- Ons moet **vasstaan in geloof op Jesus Christus**.
- En ons moet **saamstaan en saamstap**.

Ek kry die volgende statistieke by die Sentrum van Publieke Getuienis waar dr Braam Hanekom betrokke is:

- 20% v mense in SA voel dat hul nie aanvaar word nie en hul opinies nie tel nie
- 62% van Suid-Afrikaners vertrou nie hul mede landsburgers nie
- Slegs 65% van Suid-Afrikaners glo dat 'n verenigde SA moontlik is

En dit terwyl ons land se leuse is: "uiteenlopende mense verenig", of: "mense wat verskillend is, kom saam". Hoe is dit moontlik en is dit nodig om een te wees? Waar begin eenheid?

Tema: Ons is een sodat die wêreld kan glo.

Skriflesing: Joh 17:21-23

Ek gaan vandag 5 verhale van versoening en eenheid met jul deel. Kom kyk saam wat gebeur wanneer mense saamstaan.

In die Kerkbode van 9 Oktober skryf Dana Snyman: "**Hoop** in 'n land vol geweld en woede." Ek som sy treffende verhaal baie kortliks op:

"My kop, hart en wêreld is vol van korrupsie en geweld en woede van elke dag. Ons ry Kaap toe en sien die goed wat verkeerd is raak in 'n land wat al hoe meer onverstaanbaar raak. Ek weet nie wat van ons gaan word nie."

Hulle stop by die hawe in Simonstad en sy hoedjie, waaraan hy baie waarde heg, waai in die see in. En dan raak 'n klomp mense betrokke by die red van die hoedjie.

- Lasarus, die veiligheidswag, 'n Xhosa uit die Oos-Kaap
- 'n man wat diere v draad maak, Lucky van Zimbabwe
- 'n man wat op die kaai musiek maak, Yapi die Zilofoonspeler van die Ivoorkus
- die kleurlingseun, Amir, met sy visstok
- die boerseun Jurie
- 'n kommersiele duiker, Mohammed, wat op die kaai by 'n ou Tazz met vrou in 'n Moslemgewaad staan, gaan op die ou end in die see in en red sy hoedjie.

Dan skryf Dana soos net hy kan: "Dit is asof ek nie heeltemal wil glo wat ek sien nie. Ek gaan staan eenkant, en neem 'n foto met my selfoon van 'n klompie van hulle. Jurie, 'n boerseun, en 'n bruin seuntjie, 'n effe aangeklamde xilofoonspeler van die Ivoorkus, 'n Zimbabwiër, 'n Xhosa uit die Oos-Kaap, en 'n hele paar ander wat vir Mohammed, 'n Moslem, aanmoedig om my ouerige oranje hoed uit die see te haal.

'n Byna heilige oomblik in 'n land waar nog 'n plaasboer gister vermoor is, nog iemand in 'n voorstad of 'n township vermoor is. 'n Land vol geweld en woede.

Ek wil vir Mohammed geld gee toe hy uiteindelik my hoedjie papnat na my toe uithou, maar hy wil die geld nie vat nie.

Yapi en Lazarus en die ander kom kyk na my hoed, asof dit meer as 'n hoed is.

"This was interesting," sê Lucky van eenkant af. "Very, very interesting."

Die land. My land.

In 'n artikel van 4 November lees ek 'n vervolg van die Senekal storie: "**van vrese na vrede.**"

Die meeste van ons weet van die moord op 'n jong plaasboer en die saak wat in die hof voorgekom het op 6 en 16 Oktober en die politiek wat daarmee gepaard gegaan het.

Pastoor John besluit dat dit nie so kan aangaan nie. Hy het die gemeenskap en sakelui uitgenooi na 'n byeenkoms. Hulle het saamgestem dat een van probleme 'n gebrek aan dienslewering, soos om misdad vas te vat, is.

Op 20 Oktober het die leraars van 4 gemeentes saamgebied voor belanghebbendes uit Senekal weer vergader het. Die mense van Senekal het besluit om self verantwoordelikheid vir hul dorp te neem. Die gesamentlike proses van skoonmaak, regmaak, mooimaak en groenmaak het verlede Saterdag begin. In die proses leer mense mekaar beter ken en bou verhoudings. Natuurlik gaan daar teenstand en struikelblokke wees teen hier poging want duisternis hou nie van lig wat so deurbreek nie.

In Touwsrivier **omhels mense mekaar**. Op 25 Oktober, 3 weke gelede, verenig die NG Kerk en die VGK op Touwsrivier. Glad, sonder moeite en uitdagings was die pad natuurlik nie.

Dr Llewellyn MacMaster, moderator van die VGK in Kaapland, vergelyk die eenwording van die 2 gemeentes met 'n huwelik. Ek hoef nie meer te sê nie, getroudes sal verstaan.

Die afgelope Sondag gesels 'n Kaapse man, wat aktivis is teen plaasmoorde is en 'n man wat een van hierdie kruise aan die brand gestee het met mekaar. Hulle maak hart skoon en luister na mekaar. Hulle leer mekaar se kulture ken. Hulle **stem saam** dat daar net een ras is, die menseras en dat alle lewens saakmaak. Ons wil eenheid hê, hand uitsteek en respek vir mekaar se kulture. Nie een van ons steun geweld nie. Hulle **skud blad, omhels mekaar** en verklaar: "ons as landsburgers moet opstaan vir eenheid sonder om te kyk na velkleur of iets anders."

2 November 2019 hardloop 'n wyd uiteenlopende groep manne gaan op veld. Hulle leuse is: "Stronger together" Hulle is een span wat vir mekaar en die land saamspeel en hulle **wen** die rugby wêreldbeker met 32-12 teen die Engelse.

Blywende en volhoubare eenheid begin egter nie op 'n hawe, sportveld of in 'n raadsaal nie. Eenheid is nie menslik nie. Ons wil nie een wees nie. Ons verwys graag na ons en hulle of julle. En oor al die jare verander die "hulle" se naam net.

Eenheid is Goddelik. Dit begin by Jesus Christus. Dit word vanoggend weer aan ons bevestig by die nagmaal. Ons lees in Efesiërs 2:14-16:

¹⁴“Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. ¹⁵Die wet van Moses met al sy gebooië en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig.

¹⁶“Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig.”

Eenheid kom van Christus en word in die eerste plek 'n werklikheid in en tussen ons as kerk van die Here. Jesus bid vir sy dissipels en vandag vir ons as sy kinders in Joh 17:21-23:

²¹“Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. ²²Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: ²³Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.”

In Christus is ons een. Dit is nie iets wat ons nog moet besluit of waaroor ons nog moet vergader nie. Hy bind nie net die gemeente nie, maar al sy kinders met sy liefde aan mekaar. Ons is die een span van Christus met Hom as Hoof. Saam is ons sterker.

En wanneer ons as sy span saamspeel soos Hy wil, wanneer ons:

- saampraat en ruimte skep om van mekaar te verskil
- saam luister
- saam worstel, lag, huil, bid en vergewe en versoen
- saamwerk, saam skoonmaak, regmaak, mooimaak en groenmaak word Christus sigbaar in die wêreld.

Baie mense lees nie meer die Bybel nie. Hulle lees ons as kinders van die Here. Wanneer ons saamspeel as Sy span, sien hulle Christus in ons in aksie.

Amen